# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Dra mekaar se laste en vervul die wet

**Skriflesing**:
Galasiërs 5:13-6:10

**Teksvers**:
Galasiërs 6:2 en 9

**Sing**:
Ps 65:1, 8
Ps 61:1, 4, 6
Ps 91:1, 2, 6
Sb 15-2:1, 2, 3
Ps 68:5, 9, 16
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Moenie moeg word om te doen wat goed is nie. Hierdie woorde klink vir ons so gepas in ons eie omstandighede waar niks eintlik meer wil werk soos dit moet nie. Dit het die norm geword om toe te gee aan wêreldse praktyke, nie omdat jy korrup is nie, maar omdat jy genoodsaak word om te oorleef. In so baie opsigte raak ons uitgeput met al die onreg en al die wanbestuur, dat 'n mens moeg en moedeloos word om dinge reg te probeer doen.

Ons staan vanoggend stil by die vrug van die Heilige Gees, en die oproep om te leef deur die Gees.

**SONDAGAAND 18:00**

## God word verheerlik deur die dra van baie vrugte

**Skriflesing**:
Joh 15:1-8

**Teksvers**:
Joh 15:1,8

**Sing**:
Ps 107-1:1, 3, 21
Ps 1-1:1, 2
Ps 92-1:6, 7
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Jesus Christus vergelyk Homself hier 'n wingerdstok. Trouens, Jesus sê: "*Ek is die ware wingerdstok...*" Maar daarmee saam vergelyk Jesus ons as Christene met die lote, die takke van die wingerdstok.

'n Tak kan nie uit homself leef nie, maar verkry sy voedsel van die wingerdstok. Die gevolg is dat die takke of lote moet vrugte dra. Dit is nie of ons die takke wil vrugte dra nie, hulle moet vrugte dra anders word hulle gesnoei, afgesny en mee vuur gemaak.

- God die Vader is die boer.
- Jesus Christus is die wingerdstok.
- Ons is die lote wat moet vrugte dra.



KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion
Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika — Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie
Jaargang 47 Nr 33 25 Sept 2022

## Die werke van die vlees staan teenoor die vrug van die Gees

Ons jaartema het vandag die hoogtepunt bereik met die afsluiting van ons **Familie Naweek**. Miskien het u dit al vergeet, maar hierdie familie naweek is eintlik ons gemeentekamp van 2020. Vir meer as twee jaar is ons ontwrig en ontwortel van die gewone gang van ons gemeente aktiwiteite.

Dit is natuurlik ook vir ons as gemeente noodsaaklik om hieroor na dink en te reflekteer wat werklik die prioriteite is wat ons nie kan of mag mis nie. Vir hierdie rede het ons doelbewus die jaartema gerig op die *Vrug van die Heilige Gees*. En ons familie naweek was in geheel hierop gefokus: Hoe leef ons anders as die wêreld. Of soos dit in Galasiërs genoem word die werke van die vlees staan teenoor die vrug van die Gees...

Hoe lyk die werke van die sondige natuur, die vleeslike werke teenoor die Vrug van die Gees wat gelowiges behoort te kenmerk? Dit is 'n totale kontras. Waar die vleeslike werke gekenmerk word deur eie belang en selfsug, is die vrug van die Gees gerig op die vervulling van die wet om jou naaste lief te hê.

Noudat ons lewens weer begin spoed optel, ervaar ons hoe gejaagd dit weer word. Ons beleef die spanning van verantwoordelikheid en stres van bybly. Vir ander is die spoed optel 'n groot verligting en uitkoms, vanweë die gebrek aan besigheid.

By dit alles word ons getoets in ons geloof. Sal ons verval in die begeertes en behoeftes van die vlees, of sal ons volhard om goed te doen, en vrug dra van die Gees?

Onthou dan Galasiërs 5 "16 *Leef deur die Gees, dan sal julle beslis nie die begeertes van die vlees uitvoer nie."* En "24*Almal wat aan Christus Jesus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeertes gekruisig.* 25*Aangesien ons deur die Gees leef, laat ons ook met die Gees in pas bly."*

Lourens (vdm)

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Vrug van die Gees!

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Hersiening Les 14-20, Ps 40:4

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Emeritaatsversorging

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



## Sendingoggend

Die EVK nooi u hartlik uit om na Dr Victor Pillay, predikant van Laudium en dosent by Mukhanyo, op Saterdag, 22 Okt van 9:00 tot 13:00 te kom luister. Dit is 'n inligtingsessie om toeligting te gee oor die beginsels van die Hindoe en Moslem gelowe en hoe om gesprekke met sulke mense aan te knoop en hulle te evangeliseer.

Victor gaan ook die diens by Alethea op 23 Okt om 11:00 waarneem.

Gee asb u naam op by die kerkkantoor/ Hein Venter (083 357 6141)/Rika Pretorius (082 559 7705)/Marlou (082 412 4313) indien u beplan om die geleentheid by te woon ter wille van beplanning vir verversings.

## Geestelike Opbou

Die EVK nooi u hartlik uit na die geestelike opbou na afloop van die aanddiens op Sondagaand, 23 Okt. Geopende Deure gaan praat oor evangelisasie wêreldwyd, vervolging en spesifiek ook fokus op die uitdagings in Afrika.

## Manlike sendingwerker gesoek

Die EVK is op soek na 'n manlike sendingwerker vir Leeuwkopgevangenis. Die take van so 'n persoon is om gevangenes wat by die Crossroadsprogram ingeskryf is geestelik te bedien met oordenkings, terugvoer op lesse en persoonlike gesprekke. Die persoon sal 'n polisieklaring moet kry asook 'n klaring by die gevangenis om daar te kan ingaan. Crossroads sal help met die proses.

Ons kan geldelike steun gee vir brandstofkostes.

Kontak gerus vir Marlou van den Berg (082 412 4313) vir meer inligting.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

| | |
|---|---|
| **25 Sep 22** | |
| Wilna van Zyl | Blok A |
| Liana van Rooy | Blok B |
| Gerda Pieters | Blok C |
| **16 Okt** | |
| Magda Pelser | Blok A |
| Louise v Niekerk | Blok B |
| Zanie Kruger | Blok C |



## SEKURITEIT TYDENS EREDIENSTE

Onlangs is 'n voertuig tydens die erediens gesteel. Dis natuurlik onsmaaklik vir almal en veral vir die eienaar van die voertuig. Na deeglike oorweging en met inagneming van die risiko's, het ons dit goedgedink om aan die wagte paniekknoppies te gee. By die druk van die knoppie sal 'n reaksie-eenheid van MonitorNet reageer. Op hierdie wyse word geen addisionele risiko's geneem en is gekwalifiseerde mense vinnig beskikbaar.

Die wagte doen hierdie werk totaal vrywillig en is dus afhanklik van fooitjies van lidmate. Die fooitjies is tans maar skraps en dek baie keer nie eers hul vervoerkostes nie. Ons skryf dit toe aan die feit dat lidmate onder die indruk verkeer dat die wagte deur die Kerkraad betaal word. Dit is dus nie die geval nie.

Ons vertrou dat ons op u kan staatmaak en dat ons in rus-en-vrede na God se boodskap kan luister.

Gerrit Beumer

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

**Professionele grimering** vir matriekafskeid, troue of spesiale geleentheid. Kontak Michelle vd Berg 0826402571 of michelle.minibar@gmail.com

**Lekker beskuit en koekies—**R50 vir 500g koekies (gemmer, klapper, soet, romany creams, crunchies, appelkooskonfyt). R100 - R120 vir 1kg beskuit (bran, meusli, karringmelk, cranberry, kaneel). Kontak Ria 0828752877.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig?** Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena 072 974 2728.

Ek spesialiseer in die **registrasie van huisoordragte.** Onthou dit is u, die Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag van diens wil wees. Pieter Wolmarans 083 949 88 99. PF Wolmarans Prokureurs.

Wil U graag jou huis met 14 grade C verminder in Somer en 10 grade C verhoog in Winter?. Installeer **glaswolmat** met Duitse tegnologie op jou plafon. Kontak Billy du Toit 0822121372 vir meer besonderhede.

Die Gereformeerde Kerk Centurion nooi u hartlik uit na ons

# Psalmfees

kom sing saam
psalms, skrifberymings, liedere

**Sondag 23 Okt 21**

**15:00 - 17:00**

Basdenlaan 226, Centurion, DV
ook aanlyn beskikbaar op gkcenturion.co.za

**TEMA: SOLA GRATIA**

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 18:00

- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Woensdagaande 19:00

---

### Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

### Aanbied van Bybelstudie by Eljada

Sou U bereid wees om een keer per maand Bybelstudie by Eljada Huis in Pretoria-Wes aan te bied? Ongeveer 10 mensies wat graag die Woord van die Here wil bestudeer. Werklik verrykend!

Indien U belangstel kontak asb vir Billy du Toit by 0822121372. Hulp en leiding sal deur my verleen word indien nodig.

**Afri-Duetfees 2022**
Aangebied deur
GK Magalieskruin
Vrydag, 21 Oktober (19:00)
Saterdag, 22 Oktober (15:00)
Besprekings: 082 377 1112
Aangebied by **NGK Elarduspark**



# Verjaarsdae

**Belydende lidmate**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 26-Sep | Monica | Labuschagne | C15 | 27826790818 |
| | Andre | Pretorius | A12 | 27829554322 |
| 27-Sep | Wim | Prinsloo | C13 | 27825702036 |
| | Annemie | van Rooy | C04 | 27828205856 |
| | Albert | Venter | A03 | 27728445325 |
| 29-Sep | Gerhard | du Plessis | A14 | 27823817716 |
| | Magdaleen | du Plessis | B10 | 27723281849 |
| | Jeanette | Potgieter | B19 | 27827722615 |
| | Elize | Stavast | B16 | 27829220122 |
| 30-Sep | Hannelie | Grobler | B18 | 27765659827 |
| | Angelique | Jv Rensburg | C15 | 27824920545 |
| | Magda | Venter | B10 | 27847754700 |
| | Willie | Zaayman | C10 | 27793877357 |
| 1 Okt | Suné | Hermann | C08 | 27763923594 |
| | Elma | Smith | A10 | 27836986793 |
| | Leandre | Struwig | C13 | 27727753322 |
| | Marie | vd Walt | A07 | 27827219813 |
| | Annetjie | v Niekerk | C15 | 27729977909 |

**Dooplidmate**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 25-Sep | Joné | Nöthling | A11 | 27761457124 |
| | Carmine | Schoulund | E01 | 27833095606 |
| 27-Sep | Herman | Delport | B17 | 27722481474 |
| | Michell | Wakeford | C07 | 27824500923 |
| 1 Okt | Stefanus | v Staden | A15 | 27761067724 |
| | Ruzell | Vorster | A16 | 27824512001 |

# Ons gee om vir Mekaar

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Elsa Briel sterk aan in Unitas Hospitaal (B7—644 1546).
- Isak Heath sukkel met sy gesondheid (A6—082 407 3315).
- Stephanie vd Walt is weer opgeneem in Unitas Hospitaal (C12—663 2410).
- **Meelewing:** word betuig met familie en vriende van Rudolf Kniep. Troosdiens is Donderdag, 29 Sept om 11:00 te GKC.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Geluk



- ♥ Hendri en Jeske vd Walt met die geboorte van Tineke Liesl.
- ♥ Naomi en Edmund de Beer met die geboorte van Lara.
- ♥ **Sterkte** aan Pieter en Melicia van Rooy wat Woensdag klein Pieter se geboorte inwag.

***Alethea Outreach 11:00***
Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/